



Western Cape
Government

**KURRIKULUM VOO
EKONOMIE
LEERDERBOEK
HOOFONDERWERP 4: Kontemporêre Ekonomiese
Kwessies**

KWARTAAL 3 - 2025



**BACK ON TRACK PROGRAM
GRAAD 12**



Wes-Kaapse
Regering

VIR JOU

Onderwys

GEHALTE ONDERRIG

vir elke kind | in elke klaskamer | in elke skool in die provinsie.

Onderwerp 12: Inflasie

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

30 PUNTE – 20 MINUTE

- 1.1 **Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf byvoorbeeld slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer 1.1.9 D.**

- 1.1.1 Lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse is kenmerke van ...
- A stagflasie.
 - B inflasie.
 - C hiperinflasie.
 - D deflasie.
- 1.1.2 Die instelling wat die verbruikersprysindeks maandeliks publiseer is ...
- A die Departement van Finansies.
 - B die Departement van Toerisme.
 - C die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste.
 - D Statistieke Suid-Afrika.
- 1.1.3 Kostedruk-inflasie kan veroorsaak word deur ...
- A laer lone.
 - B 'n afname in insetkoste.
 - C wisselkoers depresiasie.
 - D toename in produktiwiteit.
- 1.1.4 'n Fiskale maatreël om inflasie te bekamp is ...
- A 'n afname in direkte belasting
 - B 'n toename in produktiwiteit
 - C 'n afname in staatsbesteding
 - D verhoogde invoerbeheer
- 1.1.5 'n Inflasiekoers wat items met hoogs wisselvallige (flukturerende) pryse uitsluit, word ... inflasie genoem.
- A administreerde
 - B hooflyn-
 - C omvattende
 - D kern-

1.1.6 'n Afname in die algemene prysvlak van goedere en dienste verwys na ...

- A deflasie.
- B disinflasie.
- C degradering.
- D Inflasie.

1.1.7 Die koers waarteen die Reserwebank geld aan kommersiële banke leen, word die ...-koers genoem.

- A prima-uitleen
- B rente
- C repo
- D inflasie

1.1.8 In Suid-Afrika word inkomste op 'n ... belastingstelsel belas.

- A regressiewe
- B proporsionele
- C progressiewe
- D direkte

(8 X 2)

(16)

1.2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in pas KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	ANTW	KOLOM B
1.2.1 Produksieprysindeks		A die instelling wat die verbruikers-prysindeks maandeliks publiseer
1.2.2 Inflasie-teiken		B tipe inflasie wat prysveranderinge aan alle finale goedere en dienste meet, nie net dié in die geselekteerde mandjie nie
1.2.3 Geweegde indeks		C 'n beleid wat die Reserwebank gebruik om pryse te stabiliseer
1.2.4 Monetêre beleidskomitee		D prysbeheer van brandstof en elektrisiteit
1.2.5 Geadministreerde pryse		E inflasie teiken van Suid-Afrika.
1.2.6 Statistieke Suid-Afrika		F slegs op 'n mandjie goedere bereken
1.2.7 Alles-omvattende inflasie		G toon die relatiewe belangrikheid van 'n item in 'n mandjie van goedere en dienste wat gebruik word om inflasie te bereken
1.2.8 3 – 6%		H neem besluite oor repo- (terugkoop) koers
		I die tipe inflasie sluit wisselvallige pryse uit

(8 X 1)

8

1.3

Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.3.1 | Kom voor wanneer daar 'n toename in die algemene prysvlak is wat veroorsaak word deur 'n styging in die koste van produksie. | | |
| 1.3.2 | 'n Inflasiekoers van meer as 50% | | |
| 1.3.3 | Hierdie tipe inflasie sluit items wat 'n hoë prysonbestendigheid toon, uit die VPI-mandjie goedere uit | | |
| 1.3.4 | Pryse van goedere en dienste wat deur die regering vasgestel word | | |
| 1.3.5 | Tipe inflasie waar die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod oorskry | | |
| 1.3.6 | 'n Styging in pryse van goedere as gevolg van 'n toename in insetkoste | (6 × 1) | (6) |

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

NOEM/GEE /VERSKAF/LYS ENIGE TWEE: (2 PUNT VRAE)


- | | | | |
|----|---|---------|-----|
| 1. | Noem TWEE maniere om inflasie te meet. | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Noem TWEE oorsake van kostedrukinflasie. | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Gee enige TWEE voorbeelde van verbruikersinflasie. | (2 x 1) | (2) |
| 4. | Gee TWEE voorbeelde van pryse wat deur die Suid-Afrikaanse regering beheer word | (2 x 1) | (2) |
| 5. | Noem enige twee oorsake van vraagtrek- inflasie.. | (2 x 1) | (2) |
| 6. | Noem TWEE gevolge van inflasie | (2 x 1) | (2) |
| 7. | Noem TWEE monetêre maatreëls wat gebruik word om inflasie te beveg(bekamp)? | (2 x 1) | (2) |
| 8. | Noem TWEE fiskale maatreëls wat gebruik word om inflasie te beveg. | (2 x 1) | (2) |

2 PUNT VRAE (MIDDEL-HOË ORDE)

- | | | | |
|----|--|---------|-----|
| 1. | Hoekom is dit belangrik vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank om inflasie te monitor en die aanbod van geld te beheer? | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Hoe kan 'n daling in inkomstebelastingkoerse tot vraagtrek-inflasie bydra? | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Wat glo monetariste is die hoofrede vir inflasie? | (2 x 1) | (2) |
| 4. | Hoekom is kerninflasie laer as hooflyninflasie? | (2 x 1) | (2) |
| 5. | Wat is die negatiewe impak van 'n toename in indirekte belasting op goedere en dienste? | (2 x 1) | (2) |


DATARESPONS

1. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 1.1 Waarna verwys die twee stippellyne in die grafiek? (1)
- 1.2 Gedurende watter jaar het die Monetêre Beleidskomitee die terugkoop-(repo)koers verhoog? (1)
- 1.3 Beskryf kortliks die term *hooflyninflasie*. (2)
- 1.4 Verduidelik die invloed van inflasieverwagtinge op verbruiks-besteding. (2)
- 1.5 Hoe sal 'n styging in belasting op toegevoegde waarde die ekonomie beïnvloed? (2 x 2) (4)

2. Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.1 Gedurende watter maand in 2020 was die inflasiekoers buite die teikengrens? (1)
- 2.2 Bepaal die styging in die inflasiekoers tussen Junie 2020 en Julie 2020. (1)
- 2.3 Beskryf kortliks die term *produksieprysindeks*. (2)
- 2.4 Verduidelik die rede vir die uitsluiting van sekere items van die VPI-mandjie, wanneer kerninflasie bereken word. (2)
- 2.5 Hoe sal 'n styging in maatskaplike- en werkloosheidtoelaes inflasie beïnvloed? (2 x 2) (4)

3. Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ARBEIDSMARK – LOONEISE


Die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) het 'n 84%-verhoging in die basiese salaris vir intreevlak-goudmynwerkers geëis, ongeveer 10 persentasiepunte hoër as hul vorige eise. NUM, wat 57% van die werkers in die goudmynbedryf verteenwoordig, wil hê dat werkgewers intreevlakwerkers R10 500 per maand moet betaal.

Intreevlak-gouddelwers verdien tans ongeveer R5 700 per maand, wat verskeie toelaes wat by hulle salarispakkette ingesluit is, uitsluit. Die eis vir loonverhogings wat hoër as die inflasiekoers is, was skynbaar 'n tendens wat by baie nywerhede voorgekom het. Werkers in die vervoerbedryf, wat deur SATAWU verteenwoordig word, het in 2015 'n 25%-verhoging vir alle werknemers geëis.

[Bron: www.publicnewshub.com, Junie 2015]

- 3.1 Identifiseer die persentasie loonverhoging in die uittreksel hierbo wat deur werkers in die vervoerbedryf geëis is. (1)
- 3.2 Watter vakbond verteenwoordig die werkers in die mynbousektor hierbo? (1)
- 3.3 Beskryf kortliks die term *kostedrukinflasies*. (2)
- 3.4 Verduidelik kortliks EEN rede vir die buitensporige looneis hierbo. (2)
- 3.5 Wat sal die uitwerking op die mynbedryf wees indien die looneise van intreevlakwerkers van R10 500 per maand toegestaan word? (2 x 2) (4)

4. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.1 Identifiseer die gemiddelde prys van 'n kilowatt per uur (kW.h) elektrisiteit in 2002. (1)
- 4.2 Watter neiging toon die gemiddelde prys van elektrisiteit, soos in die grafiek geïllustreer? (1)
- 4.3 Beskryf kortliks die term *geadministreerde prysinflasie*. (2)
- 4.4 Hoekom laat NERSA toe dat Eskom prysstygings bo die inflasiekoers het? (2)
- 4.5 Hoekom is dit belangrik dat NERSA elektrisiteitspryse in Suid-Afrika reguleer? (2 x 2) (4)

5. Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HOOFLYN- EN KERNINFLASIE

Die verbruikersprysindeks (VPI) is 'n belangrike instrument om hooflyninflasie te meet. Hooflyninflasie het in Junie 2016 van 5,8 persent tot 'n piek van 6,4 persent in Desember 2016 gestyg, sonder enige aanduiding dat dit gaan afplat. Die vernaamste rede daarvoor was die styging in mielie- en koringpryse wat deur die ernstige droogte veroorsaak is.

Die stelselmatige styging in beide hooflyn- en kerninflasie, ondanks 'n swakker geldeenheid, dui daarop dat inflasieverwagtinge goed geanker bly, alhoewel dit by die boonste punt van die 3%–6%-teikenspektrum is.

[Aangepas uit *Mail & Guardian*, Februarie 2017]

- 5.1 Identifiseer die indeks wat gebruik word om Suid-Afrika se inflasiekoers te meet. (1)
- 5.2 Gee die hoofrede vir die styging in die VPI-inflasie hierbo. (1)
- 5.3 Beskryf kortliks die term *kerninflasie*. (2)
- 5.4 Hoe kan die Suid-Afrikaanse Reserwebank verseker dat die VPI binne die 3%–6%-teikenspektrum fluktueer? (2)
- 5.5 Bereken die persentasieverandering in die inflasiekoers tussen Junie 2016 en Desember 2016. Toon ALLE berekeninge. (4)

8 PUNTE VRAE: (INHOUD-GEBASEERD)

1. Onderskei tussen *verbruikersprysindeks (VPI)* en *produksieprysindeks (PPI)*. (4 x 2) (8)
2. Verduidelik hoe *lone* en *wisselkoerse* tot kostedruk-inflasie kan lei. (4 x 2) (8)

8 PUNTE VRAE (HOË ORDE VRAE:

1. Hoe doeltreffend is inflasietekens in Suid-Afrika om prysstabiliteit te verseker. (4 x 2) (8)
2. Hoe dra die owerheid tot hoër inflasie by? (4 x 2) (8)
3. Hoe sal die verbruikersprysindeks die ekonomie beïnvloed? (4 x 2) (8)

4. Hoe kan 'n verhoging in vraag na goedere en dienste die oorsaak wees van inflasie? (4 x 2) (8)

Onderwerp 13: Toerisme

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

30 PUNTE – 20 MINUTE

- 1.1 **Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf byvoorbeeld slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer 1.1.9 D.**

1.1.1 Vir 'n aktiwiteit om as deel van toerisme geklassifiseer te word, moet die minimum lengte van verblyf een ... wees

- A jaar
- B maand
- C dag
- D week

1.1.2 Toerisme is 'n ...-intensiewe bedryf.

- A kapitaal
- B arbeid
- C handel dryf
- D goedere

1.1.3 Mense wat van ander lande na Suid-Afrika reis, staan bekend as ... toeriste.

- A inkomende
- B instroming
- C interne
- D uitgaande

1.1.4 Ontwikkeling in mediategnologie is belangrik vir toerisme as deel van die ... infrastruktuur.

- A vervoer
- B kommunikasie
- C energie
- D basiese dienste

- 1.1.5 Wanneer toeriste Suid-Afrikaanse wildplase besoek, word daarna verwys as ... toerisme.
- A eko-
 - B besigheids-
 - C kulturele
 - D uitgaande
- 1.1.6 Uitgaande toerisme verwys na ...
- A reis of beweging binne die land.
 - B Amerikaanse toeriste wat Suid-Afrika besoek.
 - C reis vir werkdoeleindes vir meer as een jaar.
 - D Suid-Afrikaanse burgers wat na ander lande reis.
- 1.1.7 Padfasiliteite wat deur toeriste benodig word, word ... Infrastruktuur genoem
- A gebou
 - B energie
 - C kommunikasie
 - D vervoer
- 1.1.8 'n Faktor wat buitelandse toerisme na Suid-Afrika kan ontmoedig, is
- A gevorderde infrastruktuur
 - B die uitbreek van malaria
 - C 'n misdaadvrye omgewing
 - D ekonomiese stabiliteit
- (8 X 2) (16)

1.2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in pas by KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	ANTW	KOLOM B
1.2.1 Paleo toerisme		A arbeidsintensief en gebruik baie vaardighede
1.2.2 Transit toeriste		B Suid-Afrikaanse burgers wat na die buiteland reis
1.2.3 Toerismebedryf		C tradisies, rituele of musiek wat eie is aan 'n gegewe kultuur of samelewing
1.2.4 Kultuurtoerisme		D mense wat deur Suid-Afrika reis om by 'n ander bestemming uit te kom
1.2.5 Departement van Toerisme		E toeriste besoek vir sakevergaderings en konferensies
1.2.6 Uitgaande toeris		F museums en kunsgalerye besoek
1.2.7 Besigheids- en professionele toeriste		G 'n land besoek om plekke van te sien argeologiese betekenis, soos die Kangogrotte
1.2.8 Inheemse kennisstelsel		H verseker en versnel die lewering van toerismevoordele
		I toeriste van ander lande wat na Suid-Afrika kom om besienswaardighede te besoek

(8 x 1)

(8)

1.3 **Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.**

- 1.3.1 Die tipe toerisme wat die bywoning van konferensies, handelskoue en uitstallings in ander lande behels
- 1.3.2 Toeriste wat binne hul eie lande reis
- 1.3.3 Die verskaffing van goedere en dienste soos paaie, telefoonlyn, radio- en televisiedienste
- 1.3.4 Toeriste van ander lande wat na Suid-Afrika kom om besienswaardighede te besoek
- 1.3.5 Mense wat vir nie meer as een opeenvolgende jaar na plekke buite hul gewone omgewing reis en daar bly nie
- 1.3.6 Toeriste wat deur Suid-Afrika reis met lug-, pad-, spoor- en seevervoer om na 'n ander bestemming te kom

(6 x 1)

(6)

TOTAAL AFDELING A:

30

AFDELING B

NOEM/GEE (VERSKAF)/LYS ENIGE TWEE (2 PUNTE VRAE)

- | | | | |
|----|---|---------|-----|
| 1. | Noem enige TWEE doelwitte van toerisme. | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Noem TWEE tipes toerisme | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Noem enige TWEE voorbeelde van vervoerinfrastruktuur benodig vir toerisme. | (2 x 1) | (2) |
| 4. | Noem enige TWEE voorbeelde van vervoerinfrastruktuur benodig vir toerisme. | (2 x 1) | (2) |
| 5. | Gee TWEE redes vir groei in die toerismebedryf in Suid-Afrika. | (2 x 1) | (2) |
| 6. | Noem enige TWEE voorbeelde van terreine in Suid-Afrika wat kulturele toerisme bevorder. | (2 x 1) | (2) |
| 7. | Noem enige TWEE kriteria om toerisme te meet. | (2 x 1) | (2) |

2 PUNT VRAE (MIDDEL-HOË ORDE)

- | | | | |
|----|--|---------|-----|
| 1. | Hoe sal 'n standvastige politieke klimaat tot 'n toename in toerismesyfers lei? | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Hoekom is internasionale toerisme vir die Suid-Afrikaanse ekonomie belangrik? | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Hoe kan die toerismesektor help om armoede onder die plaaslike mense in die gemeenskap te verminder? | (2 x 1) | (2) |

DATARESPONS VRAE

1. Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TOERISME STAAN VOOR UITDAGINGS

Uitstallers het gedurende die 2018 Afrika-Reis-Indaba, wat in Durban gehou is, gekla dat township-toerisme hoë misdaadkoerse, 'n gebrek aan sekuriteit en befondsing moes trotseer.

Opkomende besighede in die bedryf ondervind ekonomiese agterstand en bemarkingsuitdagings, en alhoewel 'n verswakte rand internasionale toeriste aangemoedig het om na Suid-Afrika te reis, besoek slegs 5% van die wêreld se toeriste Afrika.

SAToerisme het versoek dat die owerheid nie moet probeer om die bedryf te bestuur nie, maar eerder ruimte vir besigheid moet skep waarbinne hulle suksesvol kan funksioneer.

[Aangepas uit @SABCNewsOnline, 2019]

- | | | |
|-----|---|-------------|
| 1.1 | Gee die term wat gebruik word om toeriste uit 'n ander land wat Suid-Afrika besoek, te beskryf. | (1) |
| 1.2 | Noem EEN doelwit van toerisme. | (1) |
| 1.3 | Beskryf kortliks die term <i>inheemse kennis</i> . | (2) |
| 1.4 | Hoekom is bemarking as 'n toerismebeleid belangrik? | (2) |
| 1.5 | Hoe kan toerisme 'n negatiewe invloed op die omgewing hê? | (2 x 2) (4) |

2. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BINNELANDSE OORNAGREISE PER PROVINSIE IN 2016/2017		
PROVINSIE	GETAL REISE IN 2016	GETAL REISE IN 2017
Wes-Kaap	3 042	3 504
Oos-Kaap	2 511	2 368
Noord-Kaap	715	711
Vrystaat	1 088	1 067
KwaZulu-Natal	2 494	3 246
Noordwes	1 855	1789
Gauteng	8 202	8 972
Mpumalanga	2 576	2 956
Limpopo	3 061	3 670
TOTAAL	25 543	27 532

[Aangepas uit News 24, 2018]

- 2.1 Hoeveel provinsies het 'n afname in binnelandse oornagreise getoon? (1)
- 2.2 Watter instelling het die data hierbo saamgestel? (1)
- 2.3 Beskryf kortliks die term *binnelandse toerisme*. (2)
- 2.4 Hoe sal huishoudings in landelike gebiede deur toerisme bevoordeel word? (2)
- 2.5 Hoekom is die buitelandse toerisme die vinnigste groeiende bedryf in Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

3. Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE SWAK RAND KAN SUID-AFRIKA SE TOERISME BEVOORDEEL

Suid-Afrika se geldeenheid het sy laagste vlak sedert 2001 bereik. Dit is goeie nuus vir internasionale toeriste wat voordeel uit 'n baie gunstige wisselkoers kan trek om Suid-Afrika te besoek. Suid-Afrika bied nou, meer as ooit, goeie waarde vir geld en het een van die beste vakansiebestemmings vir internasionale reisigers geword.

Suid-Afrika bied vakansiemoontlikhede wat by elke sak en voorkeur pas. Reisigers het te veel om van te kies ten opsigte van hotel- en safari lodge-akkommodasie, restaurante wat plaaslike en internasionale kookkuns bied, toegang tot die Groot Vyf-wild en skouspelagtige, asemrowende natuurskoon.

[Bron: www.eturbonews.com]

- 3.1 Identifiseer TWEE goedere of dienste waarop toeriste geld in Suid-Afrika kan spandeer in die uittreksel hierbo. (2)
- 3.2 Verduidelik die begrip toerisme. (2)
- 3.3 Hoe beïnvloed 'n swakker rand die Suid-Afrikaanse toeris? (2)
- 3.4 Hoe kan 'n toename in toerisme Suid-Afrikaanse huishoudings bevoordeel? (2 x 2) (4)

4. Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

REDES VIR BINNELANDSE TOERISME IN SUID-AFRIKA 2015 EN 2016

Redes vir (Doel van) reise	Reise onderneem	
	2015	2016
Besoek familie en vriende	66%	70%
Vakansie	15%	9%
Besigheid/Sake	8%	11%
Totale getal reise	4,6 miljoen	7,3 miljoen


[Bron: www.southafrica.net]

- 4.1 Identifiseer TWEE redes (doel) in die tabel hierbo, waarom Suid-Afrikaners binnelands gereis het. (2)
- 4.2 Beskryf kortliks die term *binnelandse toerisme*. (2)
- 4.3 Wat is 'n moontlike rede vir die daling in vakansiereise tussen 2015 en 2016? (2)

4.4 Bereken die getal mense wat in 2016 sakereise (besigheid) onderneem het. Toon ALLE berekeninge.

(4)

5. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



5.1 Noem die faktor wat tussen Januarie en April 2020 'n skerp daling in toeristeverkope veroorsaak het.

(1)

5.2 Gee EEN rede waarom die owerheid belasting op toeriste-aktiwiteite instel.

(1)

5.3 Beskryf kortliks die term *inkomende toeris*.

(2)

5.4 Verduidelik die rol wat toerisme in infrastruktuurontwikkeling in Suid-Afrika speel.

(2)

5.5 Hoe beïnvloed 'n daling in toerisme-aktiwiteite landelike gemeenskappe?

(2 x 2)

(4)

8 PUNT VRAE (INHOUD-GEBASEERD)

1. Verduidelik die uitwerking van 'n toename in toerisme op armoede. (4 x 2) (8)
2. Beskryf kortliks die negatiewe uitwerking van toerisme op die omgewing (4 x 2) (8)

8 PUNTE HOË-ORDE VRAE

1. Hoe kan inheemse kennisstelsels (IKS) gebruik word om toerisme in SA te verhoog. (4 x 2) (8)
2. Hoe kan die regering Suid-Afrika as 'n toeristebestemming bevorder? (4 x 2) (8)
3. Ontleed bemakingstrategieë wat in Suid-Afrika gebruik word om toerisme te bevorder. (4 x 2) (8)

Onderwerp 14: Omgewingsvolhoubaarheid

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 MINUTE

30 PUNTE – 20

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf byvoorbeeld slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer 1.1.9 D.

- 1.1.1 Aardverwarming word veroorsaak deur die vrystelling van ... in die atmosfeer.

- A suurstof
- B koolstofdiksied
- C warm lug
- D koue lug

- 1.1.2 Die regering kan 'n ... belasting op omgewingsbesoedelaars hef.

- A invoer
- B persoonlike inkomste
- C verbruik
- D Groen

- 1.1.3 Die toekenning van 'n lisensie aan besighede wat hulle toelaat om tot 'n sekere mate te besoedel, word na verwys as ...
- A bemarkbare permitte.
 - B wetgewing.
 - C belasbare permitte.
 - D lisensiëring.
- 1.1.4 Die Verenigde Nasies se konferensie oor volhoubare ontwikkeling het ingestem om te fokus op ...
- A gronderosie te voorkom.
 - B 'n groen ekonomie.
 - C nie-hernubare energie.
 - D bevolkingsgroei te verminder..
- 1.1.5 'n Nie-hernubare energiebron is ...
- A wind.
 - B strome.
 - C steenkool.
 - D sonlig.
- 1.1.6 Die ooreenkoms om 12 van die gevaarlikste vervaardigde chemikalieë te verbied, is deur die ...
- A Basel Konvensie.
 - B Stockholm-protokol.
 - C Johannesburg-beraad.
 - D Kyoto-protokol.
- 1.1.7 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n omgewingswêrelderfenisgebied?
- A Sterkfontein Grotte
 - B Robbeneiland
 - C Kaapse Fynbosstreek
 - D Vredefort Koepel
- 1.1.8 Die permanente vernietiging van bome en woude word na verwys as ...
- A verwering.
 - B ontbossing.
 - C erosie.
 - D verwoestyning.
- (8 X 2) (16)

1.2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		ANTW	KOLOM B
1.2.1	Ontbossing		A maatreëls wat verseker dat die maksimum vlak van 'n hulpbron gebruik word, bv. tonne vis gevang
1.2.2	Groen ekonomie		
1.2.3	Kyoto-protokol		B die vrystelling van skadelike stowwe in die omgewing
1.2.4	Besoedeling		C produkte wat eko-vriendelik is en sonder enige skade deur die omgewing opgeneem kan word
1.2.5	Bewaring		
1.2.6	Bevel- en beheermaatreëls		D die onbeheerde verwydering van plantegroei op 'n onvolhoubare wyse
1.2.7	Robbeneiland		E ontwikkeling te handhaaf op maniere wat die omgewing beskerm
1.2.8	Bioafbreekbaar		F 'n internasionale ooreenkoms wat daarop gemik is om kweekhuisgasse te verminder.
			G sorg vir die omgewing sodat huidige en toekomstige geslagte daarby sal baat
			H afval op die aarde se oppervlak te stort
			I Wêreld-erfenis gebied

1.3

Gee EEN term/woord vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term/woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word nie.

- 1.3.1 Veroorsaak skade aan die omgewing deur afvalmateriaal te stort
- 1.3.2 Die proses om die omgewing so te bestuur dat dit ongeskonde bly
- 1.3.3 Die langtermyn verandering in weerpatrone wat veranderinge in temperatuur, reënvalpatrone en wind insluit
- 1.3.4 'n Verskeidenheid plant- en dierspesies wat in 'n bepaalde omgewing voorkom
- 1.3.5 Die tradisionele gebruike, erfenis, kulturele seremonies en lewenswyse wat 'n land uniek maak
- 1.3.6 Hulpbronne wat vervang of geregenereer kan word (6 × 1) (6)

TOTAL SECTION A: 30

AFDELING B

NOEM/GEE /VERSKAF/LYS ENIGE TWEE (2 PUNT VRAE)


- | | | | |
|----|---|---------|-----|
| 1. | Noem enige TWEE Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika. | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Noem enige TWEE internasionale ooreenkomste oor volhoubare ontwikkeling. | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Noem enige TWEE millenniumontwikkelingsdoelwitte wat deel vorm van internasionale ooreenkomste wat 'n volhoubare omgewing verseker. | (2 x 1) | (2) |
| 4. | Noem enige TWEE maatreëls wat deur die regering gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. | (2 x 1) | (2) |
| 5. | Noem enige TWEE tipes besoedeling. | (2 x 1) | (2) |

2 PUNT VRAE (MIDDEL-HOË ORDE)

- | | | | |
|----|---|---------|-----|
| 1. | Wat is die doel van groenbelasting? | (2 x 1) | (2) |
| 2. | Hoe kan klimaatsverandering landbouproduksie beïnvloed? | (2 x 1) | (2) |
| 3. | Wat is die effek van klimaatsverandering op weerpatrone? | (2 x 1) | (2) |
| 4. | Watter effek het chemiese besoedeling op landbougrond in Suid-Afrika? | (2 x 1) | (2) |
| 5. | Hoe kan belasting gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker? | (2 x 1) | (2) |
| 6. | Watter effek sal groenbelasting hê op die produksie-uitset van 'n besigheid wat 'n negatiewe eksternaliteit genereer? | (2 x 1) | (2) |
| 7. | Hoe kan mense opgevoed word om die omgewing so te bestuur dat volhoubaarheid verseker word? | (2 x 1) | (2) |
| 8. | Wat is die hoofdoel van bewaring? | (2 x 1) | (2) |
| 9. | Waarom is dit belangrik om wêreldwyd op bewaring te fokus? | (2 x 1) | (2) |

DATARESPONS VRAE

1. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- | | | |
|-----|--|-----|
| 1.1 | Wat is die uitwerking van die vrystelling van kweekhuysgasse op die omgewing? | (2) |
| 1.2 | Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra? | (2) |
| 1.3 | Noem die internasionale ooreenkoms wat gesluit is om aardverwarming en klimaatverandering aan te spreek. | (2) |
| 1.4 | Hoe kan die wêreld die neiging tot aardverwarming stop? | (4) |

2. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LUGBESOEDILING IN SUID-AFRIKA

Die Globale Stedelike Omgewingslugbesoedelingsdatabasis het in 2016 bekend gemaak watter streke in die wêreld hoë vlakke van lugbesoedeling ervaar. Die databasis dek meer as 3 000 stede regoor die wêreld en meet fyn deeltjematerie per kubieke meter. Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie kan hierdie metings direk met verhoogde gesondheidsrisiko's verbind word omdat die deeltjies so fyn is dat dit 'n verskeidenheid siektes kan veroorsaak.


Hieronder is vyf Suid-Afrikaanse stedelike gebiede wat die meeste lugbesoedeling ervaar.

STEDELIKE GEBIED	PROVINSIE	DEELTJIE MATERIE PER KUBIEKE METER
Hartebeespoort	Noordwes	60
Durban	KZN	51
Emalahleni	Mpumalanga	41
Tshwane	Gauteng	34
Port Elizabeth	Oos-Kaap	31

[Aangepas uit www.environment.co.za]

- 2.1 Identifiseer die mees besoedelde stedelike gebied in Suid-Afrika in die inligting hierbo. (1)
- 2.2 Watter organisasie, in die inligting hierbo, Koppel gesondheidsrisiko's aan lugbesoedeling? (1)
- 2.3 Beskryf kortliks die term *lugbesoedeling*. (2)
- 2.4 Waarom is besoedeling as gevolg van produksie so 'n ernstige probleem? (2)
- 2.5 Hoekom is die groot stede in Suid-Afrika die meeste besoedel? (2 x 2) (4)

3. Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.1 Identifiseer die tipe besoedeling in die spotprent hierbo. (1)
- 3.2 Watter groot omgewingsprobleem kan die gevolg wees van die sakeaktiwiteite hierbo? (1)
- 3.3 Beskryf kortliks die term *omgewingsvolhoubaarheid*. (2)
- 3.4 Watter impak (uitwerking) sal klimaatsverandering op voedselsekureit (volgehoue voedselproduksie) hê? (2)
- 3.5 Hoe kan omgewingsubsidies gebruik word om volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrikate verseker? (2 x 2) (4)

4. Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

TOESTAND VAN DIE OMGEWING


Die kritieke risiko's van klimaatsverandering hou wêreldwyd 'n groot gevaar vir onderwysprestasie in. In Suid-Afrika word alle finale eksamens geskryf wanneer temperature so hoog as 53 grade is – sommige selfs in skeepsvraghouerklaskamers.

Aan die ander kant word baie spesies wat redding nodig het, vergete. Spesies, van pangoliene tot luislange, word deur stropers aan winsgewende markte verkoop. Massa-ontbossing bedreig tropiese woude se biodiversiteit en ekosisteem.

[Aangepas uit Mail & Guardian, 2019]

- 4.1 Identifiseer die konsep wat verband hou met die verwydering van bome. (1)
- 4.2 Noem EEN organisasie wat hul beywer vir die volhoubare gebruik van die omgewing (1)
- 4.3 Beskryf kortliks die term *gevaarlike afval*. (2)
- 4.4 Verduidelik die wyse waarop die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde spesies (CITES) ten doel het om verlies aan biodiversiteit te verminder (2)
- 4.5 Hoe kan die regering die uitwissing van diere-spesies aanspreek? (2 x 2) (4)

5. Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.1 Watter land het die grootste bevolking ter wêreld? (1)
- 5.2 Identifiseer die omgewingsprobleem verwant aan die verwydering van bome en plantlewe. (1)

- | | | |
|-----|---|-------------|
| 5.3 | Beskryf kortliks die term <i>biodiversiteit</i> . | (2) |
| 5.4 | Op watter manier kan die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (CITES) die verlies aan biodiversiteit hanteer? | (2) |
| 5.5 | Hoe kan omgewingsubsidies gebruik word om omgewingskade te verminder? | (2 x 2) (4) |

8 PUNT VRAE (INHOUD-GEBASEERD)

- | | | |
|----|--|-------------|
| 1. | Onderskei tussen <i>bewaring</i> en <i>bewaring</i> . | (4 x 2) (8) |
| 2. | Verduidelik die regering se gebruik van <i>subsidies</i> en <i>permitte</i> as maatreëls om te verseker omgewingsvolhoubaarheid. | (4 x 2) (8) |
| 3. | Bespreek die negatiewe uitwerking van gronderosie op die omgewing. | (4 x 2) (8) |

8 PUNT HOË ORDE VRAE

- | | | |
|----|--|-------------|
| 1. | Wat is die voordele van die gebruik van tegnologie om die omgewing te onderhou? | (4 x 2) (8) |
| 2. | Waarom word Suid-Afrika as 'n groot lugbesoedelaar in die wêreld beskou? | (4 x 2) (8) |
| 3. | Waarom was die internasionale maatreëls (ooreenkomste) ondoeltreffend in die vermindering van die gevolge van klimaatsverandering? | (4 x 2) (8) |
| 4. | Hoe kan lande bydra tot die vermindering van see-besoedeling? | (4 x 2) (8) |